# Lesing 03.04.2018 - DEEL 8 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

Ons gaan nou verder met ons meetsnoer, die Boek van Herinnering, Vierde Druk.

Onthou die Skrif sê dat die eindtyd (ons Verlosser se koms - na Suid-Afrika?) se dae sal weer wees soos die dae van Noag. (Dit staan in **Matthéüs 24:37**.)

**Mat 24:37** *En net soos die **dae van Noag** was, so sal ook die **koms** van die Seun van die Adam wees. [Boekrol van Henog 83:9]*

Ook hierdie vers het `n interessante syferwaarde naamlik, 24 x 37 = **888**, wat duidelik verband hou met JaHWèshua. As ons dus na die dae van Noag gaan kyk sien ons:

Eerstens dat die tyd vanaf die eerste Adam tot die vloed = **1656** jaar.

Ook was Noag **600 jaar** oud toe die vloed begin het (**Génesis 7:11**).

Noag het verder nog **350 jaar** gelewe na die vloed.

As ons hierdie gegewens vergelyk met ons huidige situasie van ons volk, sien ons die volgende:

Vanaf die jaar 0 tot Jan van Riebeeck se landing aan die Kaap is 1652 jaar. Alle historici is dit eens dat JaHWèshua gebore is in die jaar 4 voor Christus. As ons dit bytel is dit ook **1656 jaar** tussen die tweede Adam (ons Messias) en drie bootjies verantwoordelik vir die vestiging van ons volk aan die Kaap.

Ons volk was, gemeet vanaf 6 April 1652 tot verlede jaar, presies **350 jaar** in Afrika. Die jaar 2002 was dus die finale jaar van die periode, tyd (100 jaar) tye (200 jaar) en `n halwe tyd (50 jaar). Ook kan dit gesien word as 7 tye van 50 jaar, oftewel 7 jubileums. Vergelyk dit met Josef wat ook in Egipte was om vir sy broers die koring (rou brood) te voorsien gedurende die 7 maer jare toe die wêreldskaarste hulle gedwing het om na Egipte te gaan vir brood.

Dit is verder logies om te redeneer dat die 350ste jaar van ons volk se geskiedenis ook sal korreleer met die **6000ste jaar** wat die einde van die sataniese bestel aandui en die begin van die nuwe tussentyd of verdrukkingstyd voor die millennium inlui. Hoekom sê ons so? Regdeur die Skrif en veral in die profesieë vind ons dat die oprigting van die Berg van Sion, ook genoem die Huis van Sion, die begin van die ewige bestel sal wees wat `n eerste fase van n verdrukkingstyd, dan 1000 jaar en daarna `n oneindige komponent sal hê. Omdat ons alreeds bewys het dat dit in Suid-Afrika sal gebeur, kan ons dus so `n aanname maak. Ons sal egter verder aan sien dat daar nog bewyse is om ons aanname te staaf.

Dink u dat die boosheid wat hierdie ANC-regime se president teen ons volk beplan, nie deur die koning van Babel self geïnisieer word nie! Natuurlik sal hy niks doen behalwe dit wat die CIA hom voorskryf nie. Hy, Mbeki, is dus maar net `n handlanger van die magtige wêreldheerser.

Ons gaan nou verder met ons meetsnoer, die Boek van Herinnering, Vierde Druk. Sanet kry n boodskap/gesig dat ons 280 dae van die 880 bls no, (laaste bls) van die BVH moet aftrek, wat ons dus op bls 600 van die boek bring. Verwys na Noag wat 600jr oud was net voor die vloed!

As dit dan so is dat die geboortedag van die volk dus op **22 September 2003** `n aanvang gaan neem, kan ons beweer dat die Noag dae, naamlik die vloed van sonde, hand oor hand sou toeneem vanaf hierdie dag, terwyl die groep wat hul harte aan JaHshua gegee het, `n plek/toestand van beskerming bereik het, dus `n geestelike Ark.

**Jes 14:32** *Wat sal hulle dan die boodskappers van die nasie antwoord? **Dat JaHWeH Sion gegrondves het, en dat die ellendiges van Sy volk, in Haar sal skuil.** [Miga 4:6]*

In **Jesaja 16:1** versamel die res van Jakob by die berg van die Dogter van Sion.

*1 STUUR die lammers van die regeerder van die Aarde uit die rotsstreek weg na die wildernis, **na die berg van die Dogter van Sion.***

Weereens kan dit nie anders wees as die berg van **Openbaring 14** nie, die berg waar JaHWèshua Self met Sy verseëldes is nie. Dit word verder bevestig in **vers 5**:

*5 En opgerig deur Medelye is **'n Troon**, en Hy sal daarop sit in **Waarheid in Dawid se Tent**, 'n Regter wat die Reg soek en gou is in Regverdigheid.*

Dit kan tog maar net JaHWèshua Self se troon wees waarvan hier gepraat word!